

Getuienis van Ina Kruger

Ek het lank nagedink oor wat dit werklik beteken om te sê jy is 'n gelowige. Ek het gewonder..... was ek dan voorheen iemand wat nie geglo het nie. As ek eerlik wil wees moes ek erken dat ek nie van beter geweet het nie, dat ek onkundig was oor wat werklik saak gemaak het. Wanneer iemand sou vra of jy glo het jy eerder "ja verseker" gesê. Want meeste mense glo, hulle glo dat daar 'n God is, hulle hoor van Jesus by die kerk en die werking van die Heilige Gees is voorwaar 'n groot verrassing wanneer jy wel op een of ander tydstip van jou lewe van Hom vertel word. Hierdie prentjie verskil van persoon tot persoon, afhangend hoe jy grootgeword het.

Ek besef vandag dat ek vir 'n lang tyd 'n "Christen- ateïs" was, soos Craig Groeschel in sy boek verduidelik. Ek was die persoon wat die Bybel in Titus 1: 16 beskryf: *"hulle gee voor dat hulle God ken, maar hulle dade weerspreek dit. Hulle is verfoeilik en koppig en deug vir geen goeie werk nie"*.

Ons weet dat 'n ateïs iemand is wat sê dat hy nie glo nie (dit alleen is al debatteerbaar). Waaraan glo hy nou eintlik nie? Hy weet daar is 'n God, maar weens die voorbeeld wat aan hom gestel is, hoe hy grootgeword het en seergemaak is deur die lewe, nou oefen hy die keuse uit om maar liever nie te glo nie. Om verder te sê hy glo nie God se Woord is waar nie, is eintlik om te erken, dat hy iewers daarmee te make gehad het, maar hy kies die opsie om nie eers te begin om dit te lees of te probeer verstaan nie. God het ons immers nie soos robotte geskape nie, maar met 'n eie wil.

So ek was definitief nie 'n ateïs nie. Maar wel 'n "Christen- ateïs". Ek het kerk toe gegaan, my Bybel gelees (gou 'n versie hier en daar) en gebid omdat dit die regte ding is om te doen. My alles wat ek gedink, doen en sê het, was egter die teendeel. Pure lippetaal en "all icing" aan die buitekant, sodat dit goed vir ander kan lyk en wees. Maar aan die binnekant, daar waar dit werklik saak maak, was 'n heel ander storie.

Dan uit God se groot genade breek daar 'n dag aan dat jy nie langer van die waarheid kan wegkruip nie. Jy kan lieg soos 'n tandetrekker maar jy kan waaragtig nie vir God lieg nie. Dit is reg of weg. Die grootste hamer wat jou verseker tussen die oë tref is die wete dat die mens bestem is om vir ewig te lewe. Dit is 'n keuse tussen die Ewige Lewe of die Ewige Verderf, die hel. Verder is alles bestem om te vergaan – en dit is skrif. Daar kom verseker 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde.

Dit is 'n yslike vuishou in die maag as jy waarlik gaan stilsit en hieraan dink. Skielik dink jy nie net aan jouself nie, wat van die mense die naaste aan jou. Jou familie, jou vriende en dan vul 'n groot benoudheid 'n mens. O Here, help!..... dis 'n noodkreet wat 'n mens op jou knieë dwing – GEBED word jou anker in die lewe, jou suurstof van elke dag, jou rigtingaanwyser, 'n lewensveranderende Bron van Hoop.

Mens kan dan nie anders as om jouself die vraag af te vra: Wat gaan jy met jou een en enigste lewe doen. Watter verskil gaan jy maak vir die ewigheid.

En dit alles begin by GEBED. Die begin en einde van jou geloofspad, jou geestelike groeipad. En uiteindelik soos jy lewe so gaan jy sterwe en vervolgens jou keuses vir ewig lewe.

God praat met ons deur sy Woord (die Bybel). Die vraag is: vorm jy jou eie opinie of laat jy die Heilige Gees toe om die Woord vir jou oop te maak, jou te onderrig en te leer (Joh. 14:26). Ons almal is intelligente mense, maar soos ek genoem het, soms kan mens ook uiters onkundig wees. En hiermee bedoel ek nie "dom" nie. Dit is net dat party mense werklik nie weet ... herwaarts of derwaarts met die Bybel nie, of hulle ignoreer bloot die feit wat hulle dit werklik nodig het.

Indien ek en jy wil hê dat ons gebede beantwoord moet word, moet ons nie net 'n lysie na God toe stuur asof ons Hom opdrag gee om elkeen ten uitvoere te bring nie. Dink aan 'n motorresies. Die motors se enjins kan tot wie weet waar gehoor word en al die bestuurders se oë is op die vlag gerig. Nog voor die teken gegee is, trap jy die versneller en ignoreer die baanbeampes se bevel om te stop en na verdere instruksies te luister. Jy volg jou eie kop, kies die vinnigste, maklikste roete en jaag eindelik oor die wenstreep. En dan begroet 'n doodse stilte jou, geen applous en geen gejuig. En wanneer jy so terugkyk op jou pad, is dit net 'n pad van verwoesting, hartseer, ellendes, siekte, dood, verkeerde finansiële besluite, werkloos, moedeloos, kragteloos en baie dikwels vriendeloos en eindelik Goddeloos.

Dit is die ergste scenario van iemand se geestelike lewe, maar ongelukkig ook dikwels heel waar. Hoekom hoor jy so dikwels mense sê..... Ek bid en bid, maar niks gebeur nie.

Jack Hayford beskryf dit soos volg: Êrens langs die pad het hierdie mense hulle sleutels verloor. Daar is baie min krag in jou motor se sleutel. Die krag is in die enjin van die motor, maar dit kan nie aangesit word sonder die sleutel in die aansluiter nie.

Jesus noem in Matt 16:19 "Ek sal aan jou die sleutels van die koninkryk van die hemel gee". Sleutels beteken die gesag, die voorreg en die toegang tot God se koninkryk. Die sleutel is dus nie die krag in die enjin nie, maar dit stel die krag in die enjin vry. Net so het ons die reg om in gebed na God toe te gaan omdat Jesus vir ons die sleutels van sy koninkryk gee.

Hierdie reg vra dan ook 'n groot verantwoordelikheid van jou en my. As ons nie die sleutel van gebed gebruik nie is dit onwaarskynlik dat enigiets sal gebeur.

Ons probleme se oorsprong is dat ons soms vergeet waar ons ons motor se sleutels gebêre het. Ons verlê die sleutel wat God se krag ontsluit. Die krag in ons gebed ontbreek, dit is waarom niks gebeur nie, en ons maar net bid en bid en bid, want hierdie sleutels pas nie op ons private koninkryke nie.

Die Heilige Gees se krag word vrygestel slegs op God se bevel, maar nie vir ons persoonlike gewin nie.

VRA dus vir die krag van die Heilige Gees, want die Heilige Gees beweeg net kragtig in diegene wat sy oorvloedige krag vra.

Wanneer ons bid, maak ons 'n pad oop vir die vrystelling van God se krag. Jy word 'n kanaal waardeur God sy krag kan gebruik en 'n baie sterk weerligafleier teen die duisternis.

As jy die koers van jou lewe wil verander is dit noodsaaklik dat jy besluit presies wie aan die stuur van sake staan. Jy of God? Gaan jy jou eie koers inslaan of gaan jy toelaat dat die Heilige Gees jou lei. Lewe jy in die vlees of deur die Gees? Dit is belangrik om hierdie noodsaaklike besluit te neem, want dit sal bepaal hoe doeltreffend jy bid.

Wat gebed definitief nie is nie: nooit bedoel om 'n eenman- / eenrigting gesprek te wees nie.

Dink julle nie dit het tyd geword dat ons vir God vra om vir ons Sameul se ore te gee nie. Ons moet 'n slag stil word en luister met hart en siel.

**O Lord, give me Samuel's ear
An open ear, O Lord
Alive and quick to hear
Each whisper of Thy Word
Like him to answer to Thy call
And to obey Thee first of all**

Ons God is 'n God wat kommunikeer. Hy was dit altyd en sal dit altyd wees. Van Genesis tot Openbaring verklaar die Skrif dat ons geloof op verhoudings berus. Die vraag is: hoe lyk jou persoonlike verhouding met jou Skepper, jou Verlosser. Hoe luister jy na die influistering van die Heilige Gees.

Bill Hybels noem in sy boek: "Dit is nie net met Adam en Eva, Moses, Jacob, die Israeliete, Josua, Samuel met wie God wou gepraat het nie. Deur Jesus Christus het God met talle mense gepraat tot nou toe. En God praat met die kerk deur die voorspraak, die Heilige Gees. Openb 2:7 *"Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê. Aan elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek te ete gee van die boom van die Lewe, wat in die paradys van God is"*.

Ons dien voorwaar 'n God wat kommunikeer – 'n God van woorde. God het die aarde met woorde geskep, Hy het met 'n woord genees, gered, gesalf, bemoedig, tereggewys. En met Sy woord gee Hy leiding en raad. Regdeur die geskiedenis het God gekommunikeer en wil dit verseker nog vandag doen. Die vraag is nie of God praat of nie, die vraag is of ons ore gaan hê om te hoor wat Hy vir jou en my wil sê?

Hoe meer jy God se Woord in jou gedagtes sit, hoe meer sal jy God se stem tot jou hart hoor spreek. Hy sal jou nooit op enige pad lei wat nie volkome in ooreenstemming met sy Skrif is nie.

Gebed is die begin en die einde van jou geloofspad. Dit bepaal die koers van jou hele lewe. Dit bepaal jou persoonlike verhouding met die Drie-Eenheid. Dit word jou suurstof wat jy elke dag inasem. Dit bepaal jou woorde wat jy spreek - elke dag. Dit beïnvloed jou denke en optrede.

Gebed is voorwaar die kern van jou siel. Dit is die kern van MY siel (dit het Jesus my geleer).